Bybel vir Kinders

bied aan

Dawid die Koning (Deel 2)

Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Lazarus
Aangepas deur: Ruth Klassen
Vertaal deur: Yvonne Kriel
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Dawid was koning van Juda, in die suide van Israel. Die res van Israel het Is-Boset, seun van Saul as koning gehad. Die burger oorlog het sewe jaar aangehou. Dawid het sterker en sterker geword.

Uiteindelik is Koning Is-Boset gedood deur twee van sy eie soldate.

Al die stamme van Israel het na Dawid gekom en hom gesalf as koning van Israel. Ten einde laaste was Dawid koning van die hele nasie.



Die eerste ding wat Koning Dawid gedoen het was om Jerusalem in besit te neem. Dit het bekend gestaan as die Stad van Dawid. Hy het dit herbou as 'n vesting teen die vyande. Vanaf Jerusalem het Dawid se magte uitgegaan om die Fillistyne te oorwin en ander vyande van Israel.





Volgende het Koning Dawid die Ark van God na Jerusalem gebring. Die Ark van God het afskrifte van die tien gebooie en ander wette wat God aan Moses gegee het ingehad. Die Ark het die Israeliete herinner aan God se heiligheid en dat hulle aan Hom gehoorsaam moet wees.

Dawid het baie gevegte gehad in die begin van sy koningskap. Hy was 'n wyse soldaat en 'n man wat God aanbid het vir leiding.

Dit het Dawid gepla dat hy 'n mooi huis het terwyl God se Ark in 'n tent was. Dawid het besluit om 'n tempel te bou.

Natan, God se profeet het aan hom gesê om dit te bou.



Die aand het God 'n boodskap aan Dawid gestuur: "My dienskneg Dawid, die HERE sal vir jou 'n huis gee. Wanneer jou dae vervul is en jy saam met jou vaders rus. Ek sal jou kind as koning aanstel na jou. Hy sal 'n huis bou vir My naam en Ek sal die troon verewig in sy koningkryk."

Dawid wou enige oorlewende van Saul se familie help. Hy het net Jonatan se seun, Mefiboset, wie kruppel was gekry. "Hy sal aan my tafel eet soos een van die koning se seuns," het Dawid gesê. Dawid was goed vir Mefiboset want Jonatan was sy beste vriend.



Solank as wat Dawid God vertrou en gehoorsaam was het God Dawid gehelp om vooruit te gaan. Maar eendag het 'n verskriklike skadu op Dawid se lewe geval. Hy het sy soldate uitgestuur om te gaan veg, terwyl hy in Jerusalem bly.

Een aand kon hy nie slaap
nie en loop hy op die dak
en kyk uit oor die stad.

Dawid het 'n pragtige vrou gesien bad. Haar naam was Batseba. Dawid het sonde gepleeg met Batseba al was haar man, Urija was een van Dawid se brawe soldate. Batseba het later vir Dawid vertel sy gaan sy kind hê, Dawid het geweet sy sonde veroorsaak meer probleme.







In plaas van om sy sonde te bely aan God het Dawid dit probeer wegsteek. Dit werk nooit! Hy het Urija laat terugkom van die slagveld en gehoop dat hy sou dink die baba wat kom is syne. Urija wou nie by sy huis bly terwyl die ander soldate nog veg nie. Hy het voor die deur van die koning se huis geslaap.

Dawid het toe nog 'n erger ding gedoen. Hy het Urija terug gestuur na die veldslag met 'n brief. Die brief het aan die generaal gesê hy moet seker maak Urija sterf in die geveg. Toe Urija gesterf het, het Dawid Batseba geneem as sy vrou.

God het Sy kneg, Natan gestuur om Dawid te wys op sy sonde. Natan het Dawid 'n storie van 'n ryk man en 'n baie arm man vertel. Die ryk een het honderde skape gehad. Maar die arm man het net een lammetjie gehad wat vir hom kosbaar was soos 'n dogter.

Wanneer 'n reisiger by die ryk man kom het hy nie een van sy skape geslag om die man te voed nie. Inteendeel het hy die arm man se lammetjie gevat en geslag.



Dawid was kwaad oor die ryk man se selfsugtigheid. Hy het gehuil, "Die man wat dit gedoen het sal sekerlik gedood word."

"Jy is die man!" het die brawe Natan aan Dawid gesê. Wat Dawid gedoen het was baie erger as wat die ryk man in die storie gedoen het.





God het aan Dawid gewys hoe wreed hy was. Dawid was jammer oor sy sonde. Hy het aan God gesê: "Ek het teen U gesondig en die slegte gedoen." God het Dawid sy sonde vergewe.

Batseba se baba was baie siek en is dood kort na geboorte.

God het Dawid sy verskriklik sonder vergewe. Batseba het toe 'n ander kind, Salomo gehad. Hy sou 'n groot koning wees na Dawid. Koning Dawid het baie ander kinders gehad. Party van hulle het hom groot hartseer gebring.

Dawid die Koning (Deel 2)

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

2 Samuel 1-12

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16